basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, 'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State | 50 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 45 | 35 |
| **3** | Konsepte en Vertolking van Finansiële Inligting | 40 | 30 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 10 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (50 punte; 45 minute)**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Violet Beperk geneem. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig. Die maatskappy dryf handel met dames- en mansklere.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na Inligting B.**

Bereken die korrekte waarde van die eindvoorraad van informele manshemde. (6)

1.2 Stel die Gewone-aandelekapitaal-nota op. (8)

1.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2025. (36)

**LET WEL:**

- Toon ALLE bewerkings tussen hakies.
- Sekere syfers word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.
- Ontbrekende bedrae in ingekleurde areas moet NIE ingevul word NIE.

**INLIGTING:**

**A. Die volgende bedrae is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords op:**

| | **28 Feb. 2025 R** | **29 Feb. 2024 R** |
|---|---|---|
| Vaste deposito: Time Bank | **?** | |
| Handelsvoorraad | 4 598 000 | |
| Debiteurekontrole | 735 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | **?** | |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | **?** | **16 200 000** |
| Gewone aandelekapitaal | 17 875 000 | 11 395 000 |
| Behoue inkomste | **?** | 4 805 000 |
| Verbandlening: Delta Bank | 3 200 000 | |
| Krediteurekontrole | 878 500 | |
| Bank (ongunstig) | **?** | |

**B. Handelsvoorraad:**

Dit het aan die lig gekom dat die eindvoorraad informele manshemde van een spesifieke handelsmerk volgens die eerste-in-eerste-uit-voorraadwaardasie-metode gewaardeer is, in plaas van die geweegdegemiddelde-voorraad-waardasiemetode. Dit moet reggestel word.

Die volgende rekords het betrekking op informele hemde van hierdie handelsmerk:

| | Aantal | Koste | |
|---|---|---|---|
| | | **Per eenheid R** | **Totaal R** |
| Voorraad (1 Maart 2024) | 300 | | 97 500 |
| Aankope | 4 800 | | 1 605 000 |
| Terugsendings | 100 | | 42 500 |
| Eindvoorraad (28 Feb. 2025) | 820 | | 285 500 |

**C. Vaste deposito: Time Bank**

- 'n Vaste deposito van R320 000 het op 31 Julie 2025 verval.
- Die oorblywende 60% van die vaste deposito sal op 31 Desember 2028 verval.

**D. Oordrag van saldo en voorsiening vir oninbare skulde:**

- 'n Debiteur, wie se rekening 'n oorbetaling van R5 000 in die Debiteuregrootboek toon, het versoek dat hierdie oorbetaling na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgeplaas moet word. Hierdie oorplasing is nog nie aangeteken nie.
- Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 4% van die uitstaande debiteure aangesuiwer word.

**E. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:**

| | R |
|---|---|
| **Bedryfsinkomste** | |
| Kommissie-inkomste | 169 400 |
| Huurinkomste | 430 500 |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| Direkteursfooie | 1 998 750 |

**LET WEL:** Die volgende jaareinde-aansuiwerings is reeds in die staat hierbo in ag geneem:

- Kommissie-inkomste vir Februarie 2025, R6 400, was nog uitstaande.
- Huur vir Maart en April 2025 is ontvang en aangeteken. Die huur is op 1 Desember 2024 met 10% verhoog.
- Die maatskappy het op 1 Maart 2024, die begin van die finansiële jaar, twee direkteure gehad. Albei van hulle het dieselfde maandelikse direkteursfooie verdien en is ten volle betaal. 'n Derde direkteur, Jack Jele, is op 1 Junie 2024 in diens geneem en hy verdien maandelikse fooie van 25% minder as die ander direkteure. Jack is tot en met 31 Maart 2025 betaal.

**F. Verbandlening: Delta Bank**

- Vaste maandelikse terugbetalings van R45 000, gekapitaliseerde rente ingesluit, is vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025 gemaak en korrek aangeteken.
- Die maandelikse terugbetalings sal dieselfde bly totdat die lening oor 'n tydperk van ongeveer vier jaar ten volle terugbetaal is.
- Die verwagte rente vir die volgende finansiële jaar is R290 000.

**G. Aandele en dividende:**

**LET WEL:** Die relevante inskrywing is reeds aangeteken.

- Die maatskappy het gemagtigde aandelekapitaal van 9 000 000 aandele gehad.
- 750 000 nuwe aandele is op 31 Maart 2024 uitgereik.
- 'n Tussentydse dividend is op 1 September 2024 betaal.
- 150 000 aandele is op 31 Januarie 2025 teruggekoop. EFO-betalings van R1 710 000 in totaal is ten gunste van aandeelhouers gemaak.
- Die direkteure het 'n finale dividend van 90 sent per aandeel op die 2 750 000 uitgereikte aandele op 28 Februarie 2025 verklaar.

**H. Wins en inkomstebelasting:**

- Die aanslag van SAID vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025 het aangedui dat die maatskappy vir 'n belastingterugbetaling van R70 000 kwalifiseer.
- Die netto wins na belasting is akkuraat bereken op R4 721 700 vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

**I. Finansiële aanwysers bereken op 28 Februarie 2025 nadat die bostaande in berekening gebring is:**

| | |
|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,3 : 1 |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 24% |

**50**

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**
**(45 punte; 35 minute)**

Die inligting hou verband met Mustang Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

**GEVRA:**

2.1 Bereken die volgende bedrae met betrekking tot die Versoening van Wins voor Belasting en Kontant Gegenereer uit Bedrywighede-nota op 28 Februarie 2025:

- Verandering in ontvangbare bedrae (3)
- Verandering in betaalbare bedrae (4)

**LET WEL:** Toon die invloei of uitvloei van kontant vir antwoorde bereken.

2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (23)

**LET WEL:**

- Sekere syfers word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.
- Ontbrekende bedrae in ingekleurde areas moet NIE ingevul word NIE.

2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

- Netto batewaarde per aandeel (3)
- Vuurproefverhouding (5)
- Dividenduitbetalingskoers (5)

2.4 Die direkteure behoort bekommerd te wees oor die kontantbronne van die maatskappy vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. Gee EEN rede (met syfers) vir hierdie bekommernis. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:**

| | R |
|---|---:|
| Koste van verkope | 12 800 000 |
| Rente op lening | 316 250 |
| Netto wins voor belasting | 720 000 |
| Belasting vir die jaar | 201 600 |
| Netto wins na belasting | 518 400 |

**B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie:**

| | 28 Feb. 2025<br>R | 29 Feb. 2024<br>R |
|---|---:|---:|
| Gewone aandeelhouersbelang | 7 140 120 | 5 500 000 |
| Verbandlening: Merchant Bank | 2 880 000 | **?** |
| Bankoortrekking | 775 000 | 0 |

**C. Vaste bates:**

| | 28 Feb. 2025<br>R | 29 Feb. 2024<br>R |
|---|---:|---:|
| Grond en geboue teen kosprys | 5 600 000 | 5 600 000 |
| Toerusting teen kosprys | **?** | 745 000 |
| Voertuie teen kosprys | 2 900 000 | 2 520 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | **?** | 233 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | **?** | 85 000 |

**Toerusting:**

- 'n Ou yskas is op 30 Junie 2024 teen drawaarde vir kontant verkoop. Volgens die Vastebateregister was die kosprys van die yskas R55 000 en die drawaarde daarvan op 1 Maart 2024 was R16 000.
- Waardevermindering op toerusting is 15% p.j. teen kosprys.

**Voertuie:**

'n Nuwe afleweringsvoertuig is op 1 Desember 2024 kontant aangekoop. Geen voertuie is gedurende die jaar verkoop nie.

**D. Handels- en ander ontvangbare bedrae:**

| | 28 Feb. 2025<br>R | 29 Feb. 2024<br>R |
|---|---:|---:|
| Debiteurekontrole | 3 167 000 | 1 303 500 |
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | 32 000 |
| | 3 167 000 | 1 335 500 |

**E. Kontant en kontantekwivalente:**

| | 28 Feb. 2025<br>R | 29 Feb. 2024<br>R |
|---|---|---|
| Bank | 0 | 405 000 |
| Kleinkas | 18 000 | 10 000 |
| | 18 000 | 415 000 |

**F. Handels- en ander betaalbare bedrae:**

| | 28 Feb. 2025<br>R | 29 Feb. 2024<br>R |
|---|---|---|
| Krediteurekontrole | 1 450 000 | 1 323 500 |
| Opgelope uitgawes | 14 600 | 0 |
| Aandeelhouers vir dividende | 129 480 | 162 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 15 300 | 0 |
| | 1 609 380 | 1 485 500 |

**G. Aandele en dividende:**

- Die direkteure het op 31 Julie 2024 'n tussentydse dividend betaal.
- 50 000 nuwe aandele is op 1 November 2024 teen 'n prys van R20 per aandeel uitgereik.
- 2 000 aandele is teen 40% meer as die gemiddelde aandeleprys van R11 per aandeel teruggekoop.
- Die direkteure het op 28 Februarie 2025 'n finale dividend verklaar.
- Daar is reeds 498 000 gewone aandele op 28 Februarie 2025 uitgereik.
- Dividende betaal volgens die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025, was R252 000.

**H. Finansiële aanwyser:**

| | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 |
|---|---|---|
| Skuld-ekwiteit-verhouding | **?** | 0,6 **:** 1 |

**45**

**VRAAG 3: KONSEPTE EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**
**(40 punte; 30 minute)**

**SHORTS BPK. EN LYNN BPK.**

Die inligting het betrekking op Shorts Bpk. en Lynn Bpk., wat in dieselfde bedryf handel dryf, vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

| | |
|---|---|
| **LET WEL:** | Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:<br>• Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal<br>• 'n Rede of 'n verduideliking vir die aangehaalde finansiële aanwysers gee |

Gebruik hierdie sleutel vir afkortings:

HUB: Hoof- uitvoerende beampte
HFB: Hoof- finansiële beampte
JSE: Johannesburgse Sekuriteitebeurs

**GEVRA:**

3.1 Kies die korrekte woord(e) om elk van die volgende beskrywings te voltooi. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE); direkteur; Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS); interne ouditeur |

3.1.1 Riglyne vir die voorbereiding van finansiële state om konsekwentheid te verseker

3.1.2 'n Verkose raadslid wat vir die bestuur van die maatskappy en die implementering van beleid verantwoordelik is

3.1.3 Verantwoordelik vir die instandhouding van rekords en kontrole van nuwe en bestaande maatskappye (3 x 1) (3)

3.2 **Shorts Bpk.**

3.2.1 **Bedryfsdoeltreffendheid:**

Die HUB glo dat die maatskappy se prysbepalingsbeleid goed bestuur word in vergelyking met hulle mededingers. Haal TWEE finansiële aanwysers/finansiële data met tendense aan om sy bewering te staaf. (4)

3.2.2 **Likiditeit:**

Verduidelik hoe die kredietbeleid die likiditeit van die maatskappy verbeter het. Haal TWEE finansiële aanwysers met tendense aan. (4)

3.2.3 **Aandeelhouding van Lewis Clark in Shorts Bpk.**

**Verwys na Inligting A, B en C.**

- Verskaf 'n berekening om die effek te toon wat die terugkoop van aandele op Lewis se % aandeelhouding gehad het. (4)
- Gee TWEE redes waarom die interne ouditeur bekommerd is oor die HFB wat die direksie oorreed het om aandele terug te koop. (4)
- Bereken die addisionele bedrag wat die maatskappy vir die terugkoop van die aandele betaal het, in vergelyking met die aandeleprys op die JSE. (2)

3.3 **Shorts Bpk. en Lynn Bpk.**

3.3.1 **Opbrengs- en dividenduitbetalingsbeleid:**

- Die HUB's van beide maatskappye sal hulle maatskappye se prestasie bespreek. Lewer kommentaar op wat hulle oor die % opbrengste moet noem. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan. (4)
- 'n Voornemende belegger glo dat **Lynn Bpk.** 'n beter dividend-uitbetalingsbeleid in vergelyking met **Shorts Bpk.** het. Verduidelik waarom jy met haar sou saamstem. Verskaf TWEE punte met syfers. (4)

3.3.2 **Aandeleprys:**

Lewer kommentaar op die aandeelhouers se tevredenheid met die vertoning van hulle aandeleprys. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou kommentaar te ondersteun. (4)

3.4 **Lynn Bpk.**

Die skuld-ekwiteit-verhouding toon dat addisionele lenings gedurende die finansiële jaar verkry is. Die direkteure is van mening dat dit 'n goeie besluit was. Haal EEN finansiële aanwyser aan om hulle mening te ondersteun. (3)

3.5 **Ouditverslag van Lynn Bpk.**

- Verduidelik waarom die aandeelhouers oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Verskaf TWEE punte. (2)
- Noem TWEE moontlike besluite wat die aandeelhouers kon maak, gebaseer op hierdie ouditverslag. (2)

**INLIGTING:**

**A. Agtergrondinligting vir Shorts Bpk.:**

- Lewis Clark, die HFB, is 'n aandeelhouer van Shorts Bpk.
- Hy het die direksie oortuig om 400 000 aandele teen R3 elk by 'n ontevrede aandeelhouer terug te koop. Hierdie aandele sal nie vir finale dividende kwalifiseer nie.
- Die transaksie hierbo het plaasgevind voordat die finale dividende verklaar is. Alle betrokke partye het tot die aanbod ingestem en die EFO-betaling is dienooreenkomstig gemaak.

**B. Aandelekapitaal van Shorts Bpk.:**

| Aantal aandele | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 |
|---|---|---|
| Gemagtigde aandele | 3 000 000 | 3 000 000 |
| Terugkoop van aandele | (400 000) | 0 |
| Aantal aandele uitgereik | 1 383 250 | 1 783 250 |

**Aandeelhouding van Lewis Clark, die HFB:**

| | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 |
|---|---|---|
| % aandeelhouding | ? | 40% |

**C. Finansiële data, finansiële aanwysers, markpryse van aandele en rentekoerse:**

| | Shorts Bpk. | | Lynn Bpk. | |
|---|---|---|---|---|
| | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 | 28 Feb. 2025 | 29 Feb. 2024 |
| Verkope | R77 m. | R48 m. | R85 m. | R90 m. |
| Winsopslag-% | 50% | 65% | 60% | 45% |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 17,8% | 18,2% | | |
| % netto wins ná belasting op verkope | 26,4% | 22% | | |
| Bedryfsverhouding | 2,4 : 1 | 2,2 : 1 | | |
| Vuurproefverhouding | 1,8 : 1 | 1,4 : 1 | | |
| Debiteure-invorderingsperiode | 31 dae | 42 dae | | |
| Krediteurebetalingsperiode | 90 dae | 71 dae | | |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | | | 0,6 : 1 | 0,4 : 1 |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend | | | 21,8% | 19,2% |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | 6% | 14,7% | 16,1% | 14,5% |
| Verdienste per aandeel | 130 sent | 165 sent | 510 sent | 528 sent |
| Dividende per aandeel | 162 sent | 81 sent | 275 sent | 260 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | 124,6% | 49,1% | 53,9% | 49,2% |
| Netto batewaarde per aandeel | 270 sent | 258 sent | 958 sent | 930 sent |
| Markprys op laaste dag vir jaar | 256 sent | | 976 sent | |
| Rente op lenings | 14,2% | | 12,5% | |
| Rente op vaste deposito | 7,1% | | 6,7% | |

**D. Uittreksel uit die ouditverslag van Lynn Bpk.:**

> **... Ouditmening**
>
> Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy, behalwe vir sake hieronder genoem.
>
> Die ouditbewyse het aan die lig gebring dat stawende dokumentasie van sommige uitgawes ontbreek het en nie opgespoor kon word nie.

**40**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(15 punte; 10 minute)**

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit 'n verslag van 'n maatskaplike en etiese komitee, asook twee onverwante artikels. Gebruik die inligting gegee en jou kennis oor maatskappye om die vrae te antwoord.

**Verwys na Inligting A.**

4.1 Sommige aandeelhouers is bekommerd oor die donasies wat vir omgewingsinisiatiewe gemaak word, want hulle glo dat dit nie hulle verantwoordelikheid is nie.

Gee raad aan die aandeelhouers oor waarom korporatiewe donasies in belang van die maatskappy is. Verskaf TWEE punte. (2)

**Verwys na Inligting B.**

4.2
- Verduidelik TWEE punte waarom dit belangrik is dat werknemers onetiese gedrag in 'n besigheid rapporteer. (2)
- Stel TWEE stappe voor wat die maatskappy kan doen om in die toekoms soortgelyke voorvalle te voorkom. (2)

**Verwys na Inligting C.**

4.3 Verduidelik die betekenis van die term *insolvent*. (2)

4.4 Lewer kommentaar op hoe die 'regte-uitgifte' die solvensie van die maatskappy tot 'n gunstige posisie verbeter het. Verwys na die effek van die regte-uitgifte op die bates, ekwiteite en laste van die maatskappy. Aanvaar dat die maatskappy se banksaldo gunstig was. (3)

4.5 Gee TWEE redes waarom die bestaande aandeelhouers positief op deelname aan die regte-uitgifte gereageer het. (4)

**INLIGTING**

**A. Uittreksel uit die maatskaplike en etiese komitee se verslag van Shiloh Bpk.:**

| |
|---|
| Die maatskappy het skenkings gemaak ter ondersteuning van gemeenskapsinisiatiewe, asook omgewingseminare oor die herwinning van blikkies, plastiek en papier. Die bewyse van hierdie donasies is voldoende en behoorlik in die finansiële state aangeteken. |

**B. Artikel 1: Ontslag van senior finansiële bestuurder van Tekko Bpk.**

| |
|---|
| 'n Ondersoek deur Tekko Bpk. het aan die lig gebring dat 'n senior finansiële bestuurder maatskappyfondse wanbestuur het en werkers in haar afdeling, wat hulle bekommernis uitgespreek het, geïntimideer het. Sy het ook dreigboodskappe gestuur, wat 'n toksiese werksomgewing geskep het. Die maatskappy het gereageer deur haar diens te beëindig, wat personeel-veiligheid verseker het en het 'n finansiële oudit aangevra. |

**C. Artikel 2: Om 'n weg te vind uit insolvensie**

Piranna Bpk. is in Maart 2025 insolvent verklaar. Maatskappye wat insolvent is, benodig drastiese stappe om hulle finansiële situasie te verbeter. Piranna Bpk. het die opsie van 'regte-uitgifte' gekies, waar nuwe aandele slegs aan bestaande aandeelhouers uitgereik sou word.

Nadat al die nodige goedkeurings vir die implementering van die regte-uitgifte ontvang is, het Piranna Bpk. vyf miljoen aandele teen 'n 30%-prysverlaging van R27 per aandeel aan sy bestaande aandeelhouers gebied. Die aandele van die maatskappy het teen ongeveer R39 per aandeel verhandel.

Aandeelhouers het positief op hierdie regte-uitgifte gereageer en die maatskappy kon voldoende kontant verkry om uit insolvensie uit te beweeg.

**15**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins ná belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handels- & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder.) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder.) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder.) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit op die hele jaar betrekking het.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees indien voorraad konstant is).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2025

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

**1.1**

| **Bereken die korrekte waarde van die eindvoorraad van informele manshemde.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

**1.2 GEWONE-AANDELEKAPITAAL-NOTA**

| **AANTAL** | **BESONDERHEDE** | **BEDRAG** |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| **2 750 000** | **Aandele uitgereik aan einde van jaar** | |

| |
|---|
| |
| **8** |

## 1.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 28 FEBRUARIE 2025

| | |
|---|---|
| **Bates** | |
| **Niebedryfsbates** | |
| **Vaste bates teen drawaarde** | |
| | |
| **Bedryfsbates** | **5 798 000** |
| | |
| **Handels- en ander ontvangbare bedrae (735 000** | |
| **Kontant en kontantekwivalente** | |
| **Totale bates** | |
| **Ekwiteit en laste** | |
| **Aandeelhouersbelang** | |
| | |
| | |
| **Niebedryfslaste** | |
| | |
| **Bedryfslaste** | |
| **Handels- en ander betaalbare bedrae (878 500** | |
| | |
| | |
| **Bankoortrekking** | |
| **Totale ekwiteit en laste** | |

| |
|---|
| |
| **36** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

**VRAAG 2**

**2.1 Versoening van Wins voor Belasting en Kontant Gegenereer uit Bedrywighede-nota op 28 Februarie 2025:**

| **Verandering in ontvangbare bedrae** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | **INVLOEI/UITVLOEI** |
| | | |

3

| **Verandering in betaalbare bedrae** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | **INVLOEI/UITVLOEI** |
| | | |

4

**2.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2025**

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYSFAKTIWITEITE** | |
| **Kontant gegenereer uit bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | **(316 250)** |
| | |
| **Dividende betaal** | **(252 000)** |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| | |
| **Verandering in vaste deposito** | |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| | |
| | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN** | |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE** | |

23

Kopiereg voorbehou 

**2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:**

| **Netto batewaarde per aandeel** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| **Vuurproefverhouding** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

| **Dividenduitbetalingskoers** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

**2.4**

| **Die direkteure behoort bekommerd te wees oor die kontantbronne van die maatskappy vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. Gee EEN rede (met syfers) vir hierdie bekommernis.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

**VRAAG 3**

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | |
| **3.1.2** | |
| **3.1.3** | |

| |
|---|
| |
| **3** |

**3.2 Shorts Bpk.**

**3.2.1 Bedryfsdoeltreffendheid:**

| |
|---|
| **Die HUB glo dat die maatskappy se prysbepalingsbeleid goed bestuur word in vergelyking met hulle mededingers. Haal TWEE finansiële aanwysers/finansiële data met tendense aan om sy bewering te staaf.** |

| |
|---|
| |
| **4** |

**3.2.2 Likiditeit:**

| |
|---|
| **Verduidelik hoe die kredietbeleid die likiditeit van die maatskappy verbeter het. Haal TWEE finansiële aanwysers met tendense aan.** |

| |
|---|
| |
| **4** |

**3.2.3 Aandeelhouding van Lewis Clark in Shorts Bpk.:**

| **Verskaf 'n berekening om die effek te toon wat die terugkoop van aandele op Lewis se % aandeelhouding gehad het.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

| **Gee TWEE redes waarom die interne ouditeur bekommerd is oor die HFB wat die direksie oorreed het om aandele terug te koop.** |
|---|
| |

4

| **Bereken die addisionele bedrag wat die maatskappy vir die terugkoop van die aandele betaal het, in vergelyking met die aandeleprys op die JSE.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

2

Kopiereg voorbehou 

**3.3 Shorts Bpk. en Lynn Bpk.**

**3.3.1 Opbrengs en dividenduitbetalingsbeleid:**

**Die HUB's van beide maatskappye sal hulle maatskappye se prestasie bespreek. Lewer kommentaar op wat hulle oor die % opbrengste moet noem. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan.**

| |
|---|
| 4 |

**'n Voornemende belegger glo dat Lynn Bpk. 'n beter dividend-uitbetalingsbeleid in vergelyking met Shorts Bpk. het. Verduidelik waarom jy met haar sou saamstem. Verskaf TWEE punte met syfers.**

| |
|---|
| 4 |

**3.3.2 Aandeleprys:**

**Lewer kommentaar op die aandeelhouers se tevredenheid met die vertoning van hulle aandeleprys. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou kommentaar te ondersteun.**

| |
|---|
| 4 |

**3.4 Lynn Bpk.**

| |
|---|
| **Die skuld-ekwiteit-verhouding toon dat addisionele lenings gedurende die finansiële jaar verkry is. Die direkteure is van mening dat dit 'n goeie besluit was. Haal EEN finansiële aanwyser aan om hulle mening te ondersteun.** |

| |
|---|
| |
| **3** |

**3.5 Ouditverslag van Lynn Bpk.**

| |
|---|
| **Verduidelik waarom die aandeelhouers oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Verskaf TWEE punte.** |

| |
|---|
| |
| **2** |

| |
|---|
